Navrae
Enquiries
IMibuzo
MNR. W. WILKINSON
MR S.N. PIETERSE

Telefoon
Telephone
IFoni
(021) 467-2000

Faks
Fax
IFeksi
(021) 467-2996

Verwysing
Reference
ISalathiso
7/4/2
6/3/2

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF 0083/01

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, HOOFDE VAN INRIGTINGS EN VOORSITTERS VAN BEHEERLIGGAME

**BENUTTING VAN JAARLIKSE VAKANSIEVERLOF : VERKLARING VAN ONDUIDELIKHEDE NA AANLEIDING VAN OMSENDBRIEWE 52 EN 53/2001**

1. Met verwysing na omsendbrief 0052/2001 van 2 Mei 2001 en omsendbrief 0053/2001 van 30 April 2001, word die volgende verduidelikings en regstellings deurgegee:

1.1 Omsendbrief 52/2001 is nie van toepassing op opvoeders en **staatsamptenare** wat aan opvoedkundige inrigtings verbonde is nie. Met kantoorgebonde opvoeders word bedoel personeel soos beplanners en vakadviseurs, wat nie in 'n skoolopset staan nie.

1.2 Die aantal dae wat in die 2de paragraaf van Omsendbrief 52/2001 genoem word, naamlik 11(22), 13(26) en 14(28), is derhalwe ook nie van toepassing op staatsamptenare (nie-opvoeders) wat aan opvoedkundige inrigtings verbonde is nie, in dié sin dat gemelde personeel wat op skoolvakansies geregtig is, net 'n verdere 10 dae per jaar kry, met ander woorde 5 dae vir die tydperk 1 Julie 2000 tot 31 Desember 2000. Dit is dus slegs daardie 5 dae wat voor 30 Junie 2001 benut moet word.

1.3 Indien 'n staatsamptenaar verbonde aan 'n opvoedkundige inrigting wel gedurende die tydperk 1 Julie 2000 tot 31 Desember 2000 gedurende skoolvakansies gewerk het en dus addisionele verlofkrediet geakkumuleer het, moet daardie verlof ook voor 30 Junie 2001 geneem word. (Sien paragraaf 5.3 van omsendbrief 53/2001.)

1.4 Omsendbrief 0052/2001 moet asseblief saam met paragrawe 1.1 en 1.2 van hierdie omsendbrief gelees word.

2.1 Ek vertrou dat die voorgaande duidelik is en bied verskoning aan vir die mistasting wat plaasgevind het.

3. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel onder u beheer.

4. Vir enige navrae kan een van die volgende nommers geskakel word: 4672882, 4672561 of 4672633.

nms. **HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2001.06.21